HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

# HEIDEKOPPIE NUUS

BELEEF BEHOORT BEDIEN



"Come sit at the table
Come taste the grace
There's rest for the weary
Rest that endures
Earth has no sorrow
That heaven can't cure."

*"Come as you are."*
Crowder

# EREDIENSTE

**VANDAG**
Deuroffers: Uitreikbediening

**08:30**
Familienagmaal
*Past Adam*
*"Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."* Johannes 1:12
Efesiërs 2:19 - 22

Geen Bababediening, Kinderkerke, Space

**10:15**
Nagmaal
Rom 8:9-11, 28-39
*Kom sit aan by My tafel. Van gas tot kind.*
Ds Anton

**10:30**
Belydenisklas

| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
|---|---|---|---|---|---|
| | 08:30 Soepel Seniors<br>09:30 Silwerjare Komitee<br>19:00 Doopgesprek<br>19:00 Orkesoefening | 05:45 Manna vir Manne<br>10:00 Klaradyn Byeenkoms | 08:30 Soepel Seniors<br>09:00 Gebedsgroep<br>10:00 Bybelstudiegroep<br>19:00 Orkesoefening<br>19:00 Young Adults | | 09:00 Toy Fair |
| Ma | Di | Woe | Do | Vry | Sa |

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 I ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 I adam@heidekoppie.com




## VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!

**FEBRUARIE**

**23**: Kowie Swart
**24**: Maria Peckham
**25**: Bettie Meyer
**26**: Annamaré Buitendag
**29**: Thinus Muller



## MEELEWING

Rueben Doveton is verlede naweek oorlede. Ons is hartseer saam met Leonie, die kinders en kleinkinders en bid vir hulle vir die Here se vertroosting.

SnapScan

Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES



## JOHANNA MULLER

Johanna tree Vrydag af na meer as 20 jaar diens by Heidekoppie. Leraars en personeel het gekom en gegaan, maar Johanna was 'n stabiele faktor; die een wat alles weet én alles onthou. Lank na haar aftrede gaan ons haar nog bel: "*Johanna, waar is dit? Hoe doen 'n mens dat? Kan jy dalk onthou wat ..*"

Dankie Johanna vir jare se getroue diens, vir jou omgee-hart, jou verantwoordelikheidsin, integriteit, opregtheid, lojaliteit, onwrikbare geloof, hulpvaardigheid, innerlike krag, goeie vooruitbeplanning, vriendelikheid, ekstra myle stap en nog baie, baie ander dinge. Jy los 'n reuseleemte en groot skoene om vol te staan.

Mag die Here jou nog baie jare spaar en jou seën met goeie gesondheid en baie energie om die tyd saam met Johan, jou kinders en kleindogter te geniet. Jy is vir Hom kosbaar en spesiaal!

Jes 49:16 *"Ek het jou naam in my handpalms gegraveer ..."*

BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674

# GEMEENTEDINGE




## GRATIS "TOY & HOBBY FAIR"

Is jy 'n versamelaar? Jy MAG dit nie misloop nie - meer tafels as ooit tevore!
Is jy nie 'n versamelaar nie? Kom maak 'n draai en miskien byt die gogga jou ook.
Allerhande speelgoed en versamelaarsitems om te koop en te bewonder.

**BONUS!**
Heerlike hamburgers, kerrie-vetkoek en pannekoek te koop!




## SILWERJARE BUS-UITSTAPPIE

Silwerjare se busuitstappie op 3 Maart na Harold Porter Natuurreservaat in Betties-baai is reeds tjokvol bespreek.

Seniors kan eersk Donderdag 26 Feb om 09:00 - 11:00 hulle geld in die voorportaal van die kerk kom betaal.

Indien jy bespreek het en nie meer kan gaan nie, laat weet asb vir Mona by 081 444 8921 teen 26 Feb sodat iemand anders 'n geleentheid kan kry.




## HULP MET OPNAMES EN REDIGERING BENODIG

Daar word elke Sondag tydens skoolkwartale 'n video-opname van die 08:30 erediens gemaak. Die opname word gemaak met 'n selfoon wat op 'n driepoot gemonteer is.

Die opname word direk na die diens geredigeer en op Heidekoppie se YouTube kanaal geplaas.

*Ons benodig iemand wat:*

- Kan help om opnames te maak; verkieslik met jou eie selfoon wat 'n goeie kwaliteit kamera het.
- Die video direk na die diens kan redigeer en op YouTube kan plaas. (Adam is beskikbaar vir opleiding.)

Kontak Adam by 074 172 9187.




# LYDENSTYD

## HUISGELOOF: GEWOONTE 2

**Lydenstyd is 40 dae lank (uitgesluit Sondae) vanaf Aswoensdag tot Paasfees.**

Laai die DinkJeug Families app af en gebruik dit om daagliks saam te luister, lees, gesels en te bid.

**22 FEB 2026**

**"CONNECT" MET GOD**

**MATT 4 EN GEN 2&3**

### OMGEE

Maak in 1 min 'n lys van al die maniere om krag te spaar en in die volgende 1 min 'n lys van maniere om krag te herlaai. In Lydenstyd vas Christene (van regoor die wêreld) deur bv. een ete per dag minder te eet, of sjokolade of koffie uit te sny, of deur vroeër op te staan om te bid. Dit "herlaai" ons geestelike battery en help ons om te "connect" met die Here.

### DOEN

Dink saam wat elkeen kan prysgee of minder van doen (bv. sjokolade, koffie, sosiale media) of meer van doen (bv. tyd maak vir gebed) vir die volgende 40 dae om te "connect" met die Here. Julle kan bv. besluit om elke dag saam na die DinkJeug Families App te luister.

### BID

www.dinkjeug.co.za/gebed-labirint

### GESELS

Lees: Matt 4:1-11
(Gen 2:15-17 en 3:1-7)

- Hoekom het Jesus gevas?
- Hoe hanteer Jesus die versoekings?
- Hoe het Adam en Eva dit hanteer (vgl. storie in Genesis)
- Vertel van 'n keer toe jy God se stem gehoor het - wie/wat het jou daarmee gehelp?

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play

Apple iStore






# LYDENSTYD UITDAGING



Die seisoen van Lydenstyd het die afgelope Woensdag begin en duur tot Paassondag. Dit is 'n tydperk van 40 dae indien Sondae nie bygetel word nie. Lydenstyd is 'n tyd van eenvoud, prysgawe en van nader beweeg aan die Here.

**HIER IS ONS LYDENSTYD UITDAGING: Neem 'n sak en plaas elke dag een item uit jou huis daarin. Met Paasfees bring ons almal ons sakke saam kerk toe en skenk dit.**

Op die manier "declutter" jy, begin jy dink aan hoe jy eenvoudiger kan leef en seën jy ook ander gesinne. 'n Huisgesin kan een sak volmaak of soveel sakke as wat daar gesinslede is.

Sommige gesinne oorleef reeds met die minimum. Laat weet die kerkkantoor wat jou behoeftes is; moontlik word daar iets ingesamel waarmee jy geseën kan word.

# BID SAAM

## BID VIR DIE GEMEENTE





Amanda Hattingh - Bedieningsleier van die Administrasie Bediening.

### ADMINISTRASIE BEDIENING

Die Administrasie Bediening is verantwoordelik vir personeel, verlof, kerkkantoor, kontrakte, verhurings ens. By besighede is dit baie van die sake wat deur die Menslike Hulpbron afdeling behartig word.
By die meeste gemeentes staan hierdie bediening bekend as die *Diensverhoudinge Kommissie*.

Almal wat betrokke is by Menslike Hulpbronne weet dat dit 'n afdeling is waar verhoudings, regulasies, dissipline, opleiding en dies meer mooi balanseer moet word.

Bid vir hierdie bediening met Amanda Hattingh as Bedieningsleier; veral nou in hierdie tyd waar nuwe personeel aangestel word.




Die eerste Vrydag in Maart is dit *Wêreldbiddag vir Vroue*.
Vanjaar val dit op 6 Maart.
Die Ring van Bottelary (waarvan Brackenfell deel vorm) bied vanjaar Wêreldbiddag vir Vroue geleenthede aan by Proteahoogte Gemeente (Heuwelstr). Die kerk sal deur die dag oop wees met gebedstasies waar enige een kan gaan bid.
Om 08:30 en 18:00 is daar byeenkomste met begeleide gebedsoomblikke.
Knyp 'n tydjie af om hier saam met vroue vanoor die hele wêreld te bid en die krag van gebed te ervaar.

### BID VIR GESINNE

Sterk families vorm die ruggraat van 'n sterk gemeenskap.
Wanneer huishoudings God eer, versterk huwelike, blom kinders en neem generasiestabiiteit toe.

Gesinne wat in geloof gegrond is, vorm gemeenskappe met veerkragtigheid en verantwoordelikheid.

Gesinne se samestelling is baie divers: "Tradisionele" gesinne, enkelouer-gesinne, voogde met kinders, saamgestelde gesinne ens. Elke gesin het unieke uitdagings en het gebed nodig.

Bid dat gesinne in Brackenfell die Here getrou sal dien (Jos 24:15).
Bid dat huwelike versterk en herstel word (Ef 5:25).
Bid dat die kinders in ons gemeenskap in wysheid en geloof sal groei (Ps 128:3).

# ALLERLEI



## SKENK 'N POP VIR SENDELINGE IN UGANDA

Het jy dalk 'n ou pop wat net iewers rondlê? Verkieslik baba-grootte met beweeglike arms en bene. 'n Sendeling in Uganda gebruik die poppe om mammas te leer hoe om hulle babas reg te hanteer, te versorg en te beskerm. Skoon poppe in 'n goeie toestand kan by die kerkkantoor afgelewer word teen 23 Feb. Dankie!



## WIL JY 6 MAART DOOP?

Kontak Suzette by die kerkkantoor asb môre (Maandag) voor 12:00.




Bestel sokkies en ondersteun Racham!
Bestel by Ansa by 084 443 9498 of
Andri by 072 103 9500
Versus sokkies met Christelike boodskappe.

## VERBLYF GESOEK

Oumawoonstel te huur gesoek vir 'n dame in haar vroeë 60's. Die eiendom wat sy die afgelope 8jr gehuur het, is nou verkoop. Parkering vir 'n motor is ook nodig. Die dame het 'n ou kat wat net binnenshuis bly.
Maks R6500/maand.
Kontak die kerkkantoor.




"Toe God besluit het wie almal aan sy familie sal behoort,
het Hy hulle persoonlik op hulle naam geroep.
So het hulle sy kinders geword."


Romeine 8:30 (Die Boodskap)

# BEHOORT BELEEF BEDIEN

### HOE VERLOOP 'N OGGEND BY DIE KINDERKERKE?

- Voorafspel en sosialisering tot 08:30. (By die heel kleintjies 'n bietjie langer.)
- Verwelkoming, gebed, dankoffer, verjaarsdagmaats.
- Lofprysing
- Bybellees / Storie / Boodskap / Lering
- Kleingroepe met vaslegging en aktiwiteite.

*Die foto's is die afgelope Sondag by die Senior Kinderkerk (Gr 4-6) geneem.*












# IN DIE OMGEWING













Suidkerk (NG Kuilsrivier-Suid)
Langverwachtstr
021 903 3095

"Julle is dus nie meer ver
van God af nie,
nie bywoners nie,
maar medeburgers van die
gelowiges en lede van die
huisgesin van God."

Efesiërs 2:19